

Meer as brood is nodig vir oorlewing

Teks: Deuteronomium 8: 1 - 20

Teksvers: Deuteronomium 8: 3

1. Inleiding

“Honger leer bid” is ’n bekende Afrikaanse uitdrukking. Ons teksvers vanoggend begin ook by verootmoediging en honger. En voor ons nou te vinnig die honger te figuurlik en simbolies wil maak, in ons teksgedeelte word verwys na fisiese honger. Daardie tipe wat honger wat ’n mense in ’n woestyn ver van enige voedselbron of verskaffer sal ervaar. Maar verstaan ons vandag nog wat honger beteken, of sit ons maar steeds by die spreekwoordelike vleispotte van Egipte?

Honger of dan nou voedsel en water is die mees basiese behoefte van die mens. Die is selfs nog ’n grote behoefte as om geklee te wees. Tog het ons voorouers in hierdie land voedsel sekerheid relatief bemeester, en ons leef natuurlik nog op die oorblyfsels daarvan. Maar wanneer ’n mens versadig is, skuif jou gedagtes en fokus ook aan.

“’n Vol maag laat ’n mens vergeet waar die brood vandaan kom.” Hierdie bekende uitdrukking verduidelik ongelukkig dikwels die prioriteit en plek van die nagmaal in ons lewens. Prakties werk dit so: wanneer ek

versadig is, hoef ek nie meer hulpbronne verder aan voedsel te spandeer nie. En vinnig daag ander luukshede in my lewe op. Dikwels tot op die punt waar geloof en die Here, daardie laaste saak is waaraan ek sal aandag gee.

Op hierdie punt moet ons terugstaan en vra: Het ons nog die Here lief met ons hele hart en hele siel en al ons verstand? Of het ons aanbiddingslewe al begin weggedraai van God af. Maar kom ons word stil voor die tafel van die Here vanoggend, want dit is waar ons ook weer Sy genadige versorging sal ervaar.

2. Verootmoediging

Ons teksvers vanoggend in die ou vertaling gebruik die woord verootmoedig om te beskryf wat die Here aan Sy volk gedoen het. Verootmoedig en verootmoediging is dan ook bekend veral in die aanloop tot ’n nagmaalgeleentheid soos wat ons vanoggend hier herdenk. Maar verstaan die moderne mens vandag nog presies wat met verootmoediging bedoel word. Want op ’n manier is verootmoedig juis die teenoorgestelde van hoogmoedig, of selfversekerd wees. Kom ons bestudeer die toestand van verootmoediging.

In die nuwe vertaling sien ons die term “swaarkry”, terwyl die 2020 vertaling van “nederig maak”praat. En iets van die betekenis van uit die grondteks word aangeraak in al die bogenoemde gedagtes. Die verootmoediging was egter nie iets wat daar filosofies ver van die volk gebeur het nie. Neem die manier waarop die Here die volk verootmoedig het, wat honger. Die fisiese afwesigheid van voedsel, terwyl dit broodnodig is.

Want ’n manier waarop ons verootmoedig kan verduidelik is om te klein te word. Terwyl hoogmoed en arrogansie aan die een kant is om groot te word, is verootmoediging om klein te word. Met ander woorde om in die heeltemal teenoorgestelde rigting te beweeg. Ironies genoeg het honger en die afwesigheid van voedsel juis kleiner word in liggaamsmassa tot gevolg. Maar dit is nie net fisiese kleiner word nie. Ook die kragte van ’n mens gee in, wanneer daar ’n te kort aan voeding is.

Uiteindelik gaan verootmoediging oor die meer en meer besef van my eie onvermoë. Die besef dat ek afhanklik van ’n hoër hand is. Soos wat iemand moedeloos in die middel van die woestyn besef daar is nie voedsel nie. En dit maak nie saak wat ek doen nie, ek sal nie voedsel kan verbou in hierdie onherbergsame plek nie. ’n Mens wat besef dat indien daar nie voedsel van ’n eksterne bron af kom nie, is dit

verby. Iemand wat besef, dat genade al is waarop ek kan hoop.

3. Manna uit die hemel

Uiteindelik lê die teken en seël van die Here se versorging opgesluit in die uitkoms in ons teksvers. God gee manna uit die hemel. Die Here versorg die volk met stysel, met brood uit die hemel. Dit word nie aangeplant en geoes nie. Daar is nie beplanning, bewerking en manipulasie betrokke nie. Die manna val soos reën uit die hemel. Al wat die volk moet doen, is om dit te gaan optel.

Ook die term “Manna uit die hemel” het ’n afrikaanse gesegde geword om iets wat onverwags kom te beskryf. Maar dit beskryf ook uiteindelik iets meer as die onverwagtheid. Dit beskryf ’n grootverligting wanneer iets wat dringend nodig is, deur God se voorsienigheid kom. Met ander woorde nie deur my eie harde werk nie. Maar net deur God se genade alleen.

Uiteindelik is dit ook ons konneksie met hierdie nagmaalstafel vanoggend. Ons moet kom aansit vanuit ’n plek van verootmoediging. Ons verdien nie die reddende uitverkiesing van God aan nie. Ons ontvang dit suiwer uit genade alleen. Daardie genade waarin ons Hemelse Vader, Sy eniggebore Seun stuur. Hy word die hemelse brood wat in ons plek vir ons sondes geoffer word.

Met die gebruik van die sakrament van die Nagmaal word ons oortuig dat ons deel het in hierdie offer. Ons word gevoed deur die liggaam en bloed van Christus. En hierdie geestelike gawe is vanoggend vir ons soos “Manna uit die hemel”. Ons het niks gedoen om ons plek aan die nagmaalstafel te verdien nie. Die Here kom in genade en maak bemoeienis met ons sonder mense. Ons word gered en verlos in die sterwe en opstanding van Christus. En deur die sakrament van die nagmaal word ons ook nog gereeld versorg en versterk.

4. Meer as die fisiese

Tog is ons teksvers vandag nie bekend vir verootmoediging, honger of selfs manna uit die hemel nie. Ons teksvers is bekend, omdat dit een van ’n handvol teksverse is wat Christus self in die Nuwe Testament aanhaal. Ons sien dit in Matteus 4 nadat die duiwel vir Jesus in die woestyn versoek om die klippe in brood te verander. Jesus antwoord met ’n aanhaling deur deuteronomium 8:3: “Daar staan geskrywe: ’n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.

Die ding met swaarkry en beproewing is dat dit ook die teenoorgestelde reaksie by ’n mens kan werk. Iemand kan verbitterd homself verhard teen tugtiging. In so ’n geval het die tug en teregwyding ’n afstotende effek in plaas van ’n aantrekking. Ons moenie toelaat dat swaarkry en lyding ons

verbitterd maak nie. Nee ons het ’n Vader wat ons so lief het, dat Hy Sy enigebore Seun stuur om ons te verlos. Nie net uit die swaarkry nie, maar uit die sonde en ewige dood.

Swaarkry en beproewing is gewoonlik net iets fisies, maar die verlossing is soveel meer. Dit is soveel groter. Want uiteindelik moet ons ook juis in die swaarkry sien dat dit oor meer as die fisiese waaraan ontbreek in daardie stadium gaan. Ons leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit de mond van God kom. Ons het dan weereens vanoggend die voorreg om hier aan die nagmaalstafel gevoed te word met die brood uit die hemel. Ons het die voorreg om ook geestelike gevoed te word, met die liggaam en brood van ons Here Jesus Christus. Daardeur sal ons uiteindelik nie net fisies nie, maar ook geestelik kan oorleef.

5. Slot

Ons kan vanoggend se preek afsluit met ’n laaste blik op voedingswaarde. Eet en dieet is lankal reeds soveel meer as oorlewing. Of ’n mens nou gewig wil verloor, spiere wil bou, herstel van ’n siekte of allergie wil verhoed. Daar is ’n dieet vir jou. Selfs van die ander kant van die saak gesien is dit waar. Of ’n mens ingestel gefokus daarop aandag gee, en of jy net eet ’n mens maak gebruik van ’n dieet. Wanneer dit oormatig sleg en ongesond is dat die negatiewe effekte wel met tyd sigbaar word.

Wat ons teksvers ons vandag leer is dat daar ook 'n ander dieet is. Ons kan daarna verwys as 'n geestelike dieet wat ook moet geëet word. Dit is juis hier waar ons dikwels afskeep. Waar ons nie gefokus ingestel gaan eet nie. Ons is tevrede met oppervlakkige gemorskos, van kitsboodskappe op sosiale media en ander platvorms. En dikwels word ons maar heen en weer gewaai deur elke dwaalleer van die tyd. Maar vanoggend het ons weer 'n ander opsie. Ons het vanoggend weer die voorreg om aan te sit aan die nagmaalstafel van die Here. Hier kan gevoed word met die beste spys en drank. Hier word ons gevoed met die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Hy wat alreeds in Matteus 4:4 dit duidelik maak dat meer as fisiese brood nodig is vir lewe. En dan meer as net duidelik maak. Hy kom gee homself dan ook as die brood van die lewe. Hy kom offer Sy volmaakte lewe as offer in die plek van ons sondes. Ons ontvang uit genade alleen die hemelse spys en drank. Kom gebruik weereens vanoggend die tekens en seëls as bewys hiervan, saam u broers en sustes in die geloof. Kom ons gaan sit aan, aan die nagmaalstafel van die Here.

Amen